

## **KZN SABOERPERD KLUB JAARVERSLAG – 2015**

### **KLUB BESTUUR**

Voorsitter:	Charles Campher
O/Voorsitter:	Martin Campher
Tesourier:	Ansia Campher
Sekretaresse:	Mariaan Theron
Streeksverteenwoordiger:	Koos Uys
Reklame:	Charles Campher
Keurings:	Martin Campher
Skoue:	Stenelle von Marle & Mariaan Theron

### **Lief & leed:**

Natal Klub het vanjaar persoonlike verliese gely deur lede wat verhuis het asook 'n lid wat aan die dood afgestaan is. Ons innige simpatie aan Marlisa, Francis, Anne, Miemie en Karen met die skielike afsterwe van Marku op 16 Augustus. As jarelange lid (Rymaar Stoet) van die KZN klub sal sy insette, kennis, wyshede en staaltjies gemis word. Die klub het ook afskeid geneem van Jan van der Wath en Rosa van Lang-Carel stoet wat verhuis het na Delmas. Jan se bydrae aan die KZN klub is 'n riem onder die hart vir al sy lede. Elmi Davel en Seun van Mooihok stoet het ook aan die einde van 2014 verhuis na Jan Kempdorp. Elmi se entoesiasme om iets te doen was 'n voorbeeld vir ons almal en onder haar Voorsitterskap in 2014 het ons die Natal Streekskampioenskappe weer kon aanbied in Newcastle met groot sukses.

### **Klubvergadering/KZN Jaarvergadering:**

Klub se jaarvergadering was op 31 Jan 2015 gehou te Escape Gastehuis, Dundee. Mr Frikkie Combrink (President van Genootskap) was teenwoordig en het insette en voorstelle aan lede gegee hoe om die Raad meer funksioneel en pro-aktief te maak vir almal van die Genootskap.

Die samesmelting van die 2 Streekskoue Natal & Mpumalanga is bespreek.

Die klubgelde vir lede is R250 per gesin/stoet en lede is versoek om ledegeld te betaal. Die Klubbestuur (Skou komitee) het verskeie vergaderings saam met die lede van Mpumalanga gehou te Standerton vir die voorbereiding vir TransNatal skou.

### **Skoue:**

Na deeglike oorweging deur lede tydens die KZN jaarvergadering is besluit om 'n gesamentlike Streekskou met Mpumalanga aan te bied te Standerton en het die nuwe Streekskampioenskap nl. TransNatal tot stand gekom.

Die gevoel was om kostes van skoue te verminder en om 'n skou aan te bied met ongeveel 160/180 perde. Die inskrywings het nie aan die verwagting voldoen nie en daar was slegs 'n totaal van 129 perde ingeskryf in aggenome dat KZN Streek in 2014 'n totaal van 128 perde gehad het.

Baie dankie aan die lede van Mpumalanga dat daar gesamentlik aan hierdie streekskou gewerk kon word, en dat die wa deur die drif getrek is, al was dit soms moeilik.

Daar was nog geen nabetrags vergadering gehou om die positiewe en negatiewe punte van die TransNatal skou te bespreek nie en is die lede nog nie seker wat die besluit vir 2016 gaan wees wat betref die streekskou nie.

Die beoordelaars vir TransNatal was Lomon Terblanche (Tradisioneel) en Christopher Hammond (Universeel).

KZN Klub het ook 'n Universele inligtings sessie deur Christopher Hammond die oggend van die 14de aangebied. 'n Lys van lede wat die inligtingssessie bygewoon het is aan die kantoor gestuur en aan Mr A.J. Burger (Kursus Portefeuilje).

### **Keurings:**

Keuring van merries en reuns het plaasgevind vanaf 17/2 tot 19/3/2015.

'n Totaal van 48 merries & reunperde was voor keuring. (30 merrie & 18 reunperde)

2 Merries en 5 reunperde is laat oorstaan.

Keurders was: Herman Buhrman & Theuns Pretorius

Stenelle von Marle (Junior Keurder)

### **Hingskeuring:**

Het plaasgevind by Standerton saam die TransNatal streekskou.

17 Hingste was voor aansoek gedoen vir keuring

7 Hingste is gebrand

4 Nie gebrand nie

6 Hingste is ontrek/nie gebring nie.

Baie dankie aan Charles, Martin, Marista en Ansia Campher wat elke jaar die hingskeuring met groot sukses hanteer. Ons dank ook aan Jannie Jacobz (keurings portefeuilje) wat soos 'n goed geoliede masjien funksioneer en dinge vinnig met die keurings laat gebeur.

Lede voel steeds sterk daaroor dat elke streek se keuringskoste volgens streek bepaal moet word.

**Nasionale Kampioenskap:**

Dit was verseker 'n geslaagde kampioenskap vir baie lede en ons is trots op die lede/ruiters en stoete van KZN Streek wat Kampioenskappe verower het.

**Doelstellings van die Klub/Streek:**

Om die SA Boerperd en sy veelsydigheid bloot te stel aan die publiek.

Om sinvolle inligtingsdae/sessies aan te bied tot voordeel van die ras en sy lede.

Om te presteer op kampioenskappe en skoue, Ope sowel as SA Boerperdskoue.

Om perde te teel en voor keuring te bring volgens die rasstandarde van die Genootskap.

Vanuit 'n persoonlike standpunt is ek bekommerd oor die toekoms van KZN klub oor die ledetal wat drasties verminder en ook omdat al die lede nie aktief betrokke is en belangstelling het by die klubvergaderings vir die streek nie. Dmv 'watts-up' word daar gekomunikeer waar lede menings en insette kan lewer. Dit is wanneer daar by die fisiese werk kom waar lede afwesig is.

Baie dankie aan alle lojale lede/ruiters, stoete en ondersteuners van KZN Streek, mag julle 2015 as 'n vreugdevolle en geseënde jaar afsluit.

Vriendelike groete

Koos Uys

KZN Streeksverteenwoordiger.